

'N EKSEGETIESE ONDERSOEK NA DIE TEOLOGIESE INHOUD VAN SEFANJA 1:7-13

S D Snyman¹

SUMMARY

An exegetical investigation into the theological content of Zephaniah 1: 7-13

The question posed in this contribution is the question of theological intent. What kind of theology is portrayed in Zephaniah 1:7-13? To answer this question an exegesis of this pericope is offered focusing on the text-internal (demarcation of the text, text critical problems and structure) and text-external (Gattung, Sitz im Leben, tradition material, redactional issues) features of the text. The conclusion reached is that this pericope wants to highlight religious indifference on the part of the people of God.

OPSOMMING

Hierdie artikel vra die vraag na die teologiese inhoud van Sefanja 1: 7-13. Om die vraag te beantwoord word die teks onderwerp aan 'n eksegetiese ondersoek waarin daar gefokus word op die teks-interne (afbakening, tekskritiek, struktuur) en teks-eksterne (Gattung, Sitz im Leben, tradisie materiaal, redaksie) elemente van die teks. Die gevolgtrekking waartoe daar gekom word is dat dit in die penkoop handel oor godsdienstige ongeërgdheid.

1 Prof. S. D. Snyman, Dept. Ou Testament, Posbus 339, Bloemfontein, 9300

1. VOORLOPIGE VERKENNING

1.1 Die Hebreëuse teks

7 הם ספני אָזני יהוה כי קרוב יום יהנה
 כִּי־הֵבִין יהוה זבח הקריש קרָאיו:
 8 וַתֵּהָ בָיִתם נֶבֶח יהוה
 וַיִּקְרָא עַל־הַשָּׂרִים וְעַל־בְּנֵי הַמִּלֵּךְ
 וַעַל קָל־הַלְקָשִׁים מַלְאֲכֵי וְכָרִי:
 9 וַיִּקְרָא עַל קָל־הַדּוּלֵג עַל־הַמַּסְפָּן בַּיּוֹם הַהוּא ,
 הַמְסַלְאִים בֵּית אֲזִיזָנָם תָּסֵס וּמַרְסָה: ס
 10 וַתֵּהָ בָיִתם הַהוּא גָאֲמֵר־וְהוּהָ
 קָל צַעֲקָה מִשְׁעַר הַיְגִים וַיִּלְלַח מִן־הַמַּשְׁעָה
 וַיִּשְׁכַּר גְּדוּל מִהַנְּבִעוֹת: 11 הִילִילוּ יִשְׁבֵי הַמִּבְתָּשׁ
 בִּי גֵרְסָה כֹּל־עַם בְּעֵצָן גִּבְרֹתָ קָל־נִסְיֵלִי כִּסְיִ:
 12 וַתֵּהָ בַעֲשֵׂה הַהוּא
 אֲחַפְּטֵ אֲדֹרְיֹשָׁלַם בְּצִרוּחַ וַיִּקְרָא עַל־הַנְּאֻשִׁים
 הַקְּסָאִים עַל־שִׁמְרֵיהֶם הַמִּמְרִים בְּלִבָּם
 לֹא־יִסִּיב יְהוָה וְלֹא יִצַּע:
 13 וַתֵּהָ חִלִּים לְמַשְׁפָּה וּבְחִינָם לְשִׁמְמָה
 וּבְכֹז בָּתָּים וְלֹא יִשְׁכּוּ וְנִסְעוּ כְרָסִים וְלֹא יִשְׁמְעוּ אֲדֹרְיָנָם:

1.2 Probleemstelling

Afhangende vanuit watter invalshoek die teks benader word, roep die teks 'n hele reeks van vrae op:

- Vanuit die perspektief van die tradisie en - motiefgeskiedenis kan gevra word na die inhoud van die dag van die Here.
- Die vertaling van die teks lewer ook probleme op: Is dit "maaltyd" (vers 7) soos die 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel dit wil of "offer" soos die New International Version dit vertaal?
- Na wie verwys die amptenare, prinse en die wat uitlandse klere dra?
- Vanuit godsdiens-historiese hoek kan gevra word na watter bygeloof hier verwys word.
- Waarna verwys die "huis van hulle Koning" in vers 9?
- Vanuit aardrykskundige hoek kan gevra word wat bedoel word met die Vispoort en die tweede stadswyk in vers 10 en ook wat of wie is die inwoners van die Vysel in vers 11?

- Waar sou die teks histories die beste inpas?

Die vraagstelling waarop daar in die artikel gefokus word is die teologiese intensie van die teks: Wat is die teologie wat in die teks gekommunikeer word? Om die vraag te beantwoord moet daar aan die eksegetiese problematiek van die teks aandag gegee word. Dit word gedoen deur te fokus op 'n teksinterne en tekseksterne ondersoek van die teks.

2. DIE TEKS INTERNE ONDERSOEK

2.1 Die afbakening van die perikoop

Die afbakening van die perikoop is nie sonder meer duidelik nie. Minstens vyf verskillende standpunte kan onderskei word. Daar is geleerdes wat meen dat vers 7 gesien moet word as die afsluiting van die vorige perikoop en dus by Sef. 1:2-6 (Rudolph 1976: 264) of 1:4-6 (Robertson 1990: 260) gereken moet word. Dit wat in verse 2-6 genoem word geld as die voorbereiding vir die Dag van die Here. Vers 7 funksioneer dan as hoogtepunt van die perikoop.

'n Tweede standpunt is dat vers 7 eerder gesien moet word as behorende tot verse 14-16. Argumente ten gunste van die standpunt is dat vers 7 in sy huidige posisie steurend tussen verse 4-5 en 8-9 is. Verder kondig vers 7 die Dag van die Here aan sonder dat iets verder daarvoor gesê word in verse 8-13. Eers in verse 14-16 word die Dag van die Here weer aan die orde gestel. Die inhoudelike verband tussen verse 7 en 14-16 word as nog 'n argument aangevoer vir die plasing van vers 7 by verse 14-16 (Edler 1984: 184-186).

'n Derde standpunt is dat vers 7 gesien moet word as 'n selfstandige eenheid. Elliger (1975: 62) sien vers 7 as 'n onafhanklike stuk in Sefanja. Seybold (1985: 23-24) beskou vers 7 as "ein singuläres Logion" wat eers deur 'n redaksionele toevoeging sy plek in die huidige konteks gekry het. House (1988: 58) wat die boek Sefanja as 'n profetiese drama sien, hanteer ook vers 7 onafhanklik van verse 2-6 en 8-13.

'n Vierde resente standpunt word verteenwoordig deur Vlaardingebroek (1993:94ev). Hy oordeel dat verse 7-9, 10-11 en 12-13 drie afsonderlike gedeeltes vorm.

'n Vyfde standpunt is dat vers 7-13 as 'n perikoop gesien moet word. Die Dag van die Here wat in vers 7 genoem word lei 'n nuwe tema in en wat dus aanleiding is vir die oorweging van vers 7 as die begin van 'n nuwe perikoop.

Indien vers 7 oorspronklik voor 14-16 behoort het, is dit moeilik om te verklaar waarom vers 7 tans die posisie inneem wat hy wel inneem (Roberts 1991: 176). 'n Verdere argument teen die plasing van vers 7 voor vers 14 is dat daar dan 'n poëtiese herhaling van die term "naby is die Dag van die Here" sou ontstaan in twee direk opeenvolgende teksverse (Van der Woude 1978: 95). Die imperatief סל waarmee vers 7 open is ook 'n aanduiding van 'n nuwe perikoop. Die standpunt van Kirkpatrick (1993: 62) is dat vers 7 gesien moet word as 'n inleidingsvers van 'n eenheid wat deurloop tot met vers 13. Hy wys daarop dat vier van die woorde wat in vers 7 voorkom (אָרְנָן , זָבַח , זָבַח , זָבַח , זָבַח) weer in verse 8-13 opgeneem word. Die topografiese aanduidings wat van Jerusalem gegee word is ook uniek aan die perikoop wat dus ook geld as 'n verdere aanduiding van die selfstandigheid van die perikoop. Die stamvorm קָטַף kom ook prominent voor in die perikoop. 'n Verdere argument ten gunste van die verdeling is die wisseling van die eerste persoon in verse 4-6 na die derde persoon in vers 7 (Van der Woude 1978: 94; Williams 1961: 110-111). Die perikoop word ook gekenmerk deur drie prominente *Zeitformeln* in verse 8, 10 en 12 wat 'n aanduiding is vir die eenheid van die perikoop.

Uit die verskeidenheid van standpunte lyk dit na die mees oortuigende argument om vers 7-13 op te neem as 'n perikoop.

2.2 Die tekskritiese ondersoek

In vers 7 lees die LXX αὐτοῦ na זָבַח waarskynlik onder die invloed van קָטַף . Die voorstel verander nie wesenlik aan die betekenis van die vers nie en geniet ook nie die steun van Hebreuse manuskripte nie.

In verse 8, 10 en 12 sien die redakteurs van BHS die *Zeitformel* waarmee die betrokke verse begin as 'n moontlike addendum. Die voorkoms van die *Zeitformel* is egter juis 'n belangrike oorweging by die eenheid van die perikoop sodat die moontlikheid nie ernstig oorweeg hoef te word nie.

In vers 8 lees die LXX ook τοῦ οὐκοῦν in plaas van בְּנֵי . Dit is egter onwaarskynlik omdat die term huis ook in vers 9 en daar binne 'n ander betekenis verband voorkom. Dat בְּנֵי הַהָרָא die vers 9 ook as 'n latere byvoeging gesien moet word kan ook nie gehandhaaf word nie omdat die begrip בֵּן 'n prominente begrip in die perikoop vorm.

In vers 12 lees die LXX, die Siriese vertaling en die Targum die enkelvoud in plaas van die meervoud soos in BHS. Die Targum het 'n verdere uitbreiding van die teks om nie die alwetendheid van Jahwe in gedrang te bring nie en


daarom lees die Targum: "Ek sal ondersoekers aanstel wat sal ondersoek doen na die inwoners van Jerusalem soos diegene wat met 'n lamp ondersoek". Die lesing van BHS word behou omdat dit 'n *lectio difficilior* is (Ben Zvi 1991: 109; Edler 1984: 16).

In vers 12 word dit ook as 'n moontlikheid gestel om הַשָּׂאֲנָנִי ("die wat gemaklik/gerus/sorgeloos is") te lees in plaas van הַאֲנָשִׁים. Daar is egter geen manuskrip getuienis vir die moontlikheid nie.

Dat die tweede gedeelte van vers 13 geskrap moet word op grond van die moontlike ooreenkomst met Amos 5:11 is eweneens onaanvaarbaar.

Alles in ag genome is die teks merkwaardig goed oorgelewer en daar is geen verandering aan die teks nodig nie.

2.3 'n Analise van die opbou van die perikoop



Stige 7 verbind met stige 7.1 as gevolg van die redegewende כִּי aan die begin van stige 7. Die dubbele voorkoms van כִּי versterk die verbinding verder.

Ben Zvi (1991: 84) merk in die verband op: "This is a common device for stressing the connection between two subsequent versets".

Stige 8.1 verbind met stige 8.2 op grond van die waw-kopulatief aan die begin van stige 8.1 en as gevolg van die opvallende וַעַל konstruksie in die twee stiges.

Stige 9 verbind met stige 9.1 deur die וַתִּתְחַלֵּא waarmee stige 9.1 mee begin. Die וַ + partisipium het dikwels die betekenis van 'n relatief sodat stige 9.1 die voortgang van stige 9 inhou.

Stiges 8.1-9.1 verbind verbind deur die waw van stige 9 en deur die gemeenskaplike וַתִּקְרָא wat in stiges 8.1 en 9 gevind word. 'n Verdere argument vir die verbinding is dat die gebruik van die וַעַל voortgesit word in vers 9. Stige 8 verbind met stiges 8.1-9.1 op grond van die waw-konsekutief waarmee stige 8.1 begin asook die herhaling van die בָּיָם in verse 8 en 9 en die וַעַל wat deurlopend in verse 8 en 9 voorkom.

Sef 1:10-11 word omraam deur die twee verbindende *Formeln* in verse 10 en 12 (Edler 1984: 133). Stige 10.1 verbind deur die waw-kopulatief van stige 10.2. Die naamwoorde וַעַל צַעֲקָה יִלְלֵה שׁוֹבֵר in stiges 10.1 en 10.2 behoort tot dieselfde semantiese veld van "skree, huil" en verbind daarom die stiges aan mekaar. Die redegewende וַיַּעַל waarmee stige 11.1 begin laat stiges 10.1-10.2 met stige 11.1 verbind. Stige 10 verbind met stiges 10.1-11.1 as die inhoud van die temporele frase wat deur stige 10 ingelui word. Die eenheid van die perikoop-seksie word verder versterk deur die topografiese verwysings wat slegs hier in die perikoop aangetref word. Williams (1961: 127) merk in die verband op: "These verses cluster around the same theme, the destruction of Jerusalem".

Die "temporal clause" van stige 12 onderskei die stige van die voorafgaande stiges (Edler 1984: 140). Ben Zvi (1991: 107) merk in die verband op: "the verbs in v 12 belong to a new chain of verbal forms, unrelated, at least grammatically, to the chain of vv 8-9. Clearly both the new temporal introduction and the imperfect form וַאֲחַפֵּשׂ point to a break between vv 8-11, or 10-11, and vv 12-13". Stige 12.1 verbind met stige 12.2 en 12.3 as gevolg van die וַ + partisipium konstruksie wat 'n relatiewe frase aandui.

Stige 13.1 verbind met stige 13 deur die waw waarmee stige 13.1 begin asook as gevolg van die verwysing na huise wat in beide stiges voorkom. Stiges 12 en 13 verbind deur die וַיִּהְיֶה waarmee stige 13 open.

Stige 12 verbind met stiges 12.1-13.2 as die inleidende temporele sin. Die eenheid word verder gebind deur die opvallende voorkoms van die derde persoon manlik meervoudssuffikse (בְּחִירִים, חֵילִים, בְּלִבָּם, שְׁטָרִידִים).

Verse 8-9, 10-11 en 12-13 word aan mekaar verbind deur die *Zeiformenten* wat telkens voorkom. Die waw wat ook by elk van die verse voorkom versterk die verbinding verder. Die term וּפְקָדוֹתֵי wat in verse 8-9 voorkom en weer in vers 12 herhaal word is nog 'n argument ten gunste van die verbinding van die drie perikoopseksies met mekaar. Die verwysing na Jerusalem in vers 12 lê ook 'n verbinding na die topografiese verwysings in verse 10-11.

Vers 7 funksioneer as inleidingsvers vir die perikoop en verbind oorkoepelend met verse 8-13. Daar is reeds melding gemaak van die woorde wat in vers 7 voorkom wat in die res van die gedeelte weer opgeneem word. Dit is ook die gevolgtrekking waartoe van der Woude (1978: 94) kom: "De perikoop 1:7-13 valt na de introductie voor vs7 in drie onderdelen uiteen die door inleidingsformules gemarkeerd zijn".

3. DIE TEKSEKSTERNE ONDERSOEK

3.1 Die bepaling van die Gattung en Sitz im Leben van die teks.

Sefanja 1:7-13 kan nie met een Gattung beskryf word nie. Die verskillende eenhede wat die struktuur-analise uitgewys het vertoon elk die kenmerke van afsonderlike Gattungen. Vers 7 word beskryf as 'n profetewoord (Roberts 1991: 176-177). Verse 8-9 is beskryf as 'n Gottesspruch (Edler 1984: 125), of Jahwerede (Kirkpatrick 1993: 62) as gevolg van die eerste persoon enkelvoudsvorme, en 'n Drohwort (Van der Woude 1978: 95; Elliger 1975: 63) of ook 'n oordeelsaankondiging (Ben Zvi 1991: 279).

Verse 10-11 word beskryf as 'n Prophetenreden (Edler 1984: 133; Elliger 1975: 64) of 'n "prophetic indictment" (Ben Zvi 1991: 99) as gevolg van die וְיָזְכְּרוּ אֲשֶׁר-עָשִׂיתִי-לָכֶם uitdrukking. Vlaardingerbroek (1993: 103, 105) sien in navolging van Wolff die Gattung van die Aufruf zur Volksklage in verse 10-11. Verse 12-13 is 'n Gottesspruch (Edler 1984: 140; Elliger 1975: 65) weer eens as gevolg van die eerste persoon enkelvoudsvorme soos by verse 8-9. Hoe verskillend die Gattungen in die perikoop ook al beskryf word en dat die perikoop uit 'n verskeidenheid van Gattungen bestaan, is dit tog duidelik dat dit hier gaan om 'n oordeel wat deur 'n profeet as Jahwe-woord uitgespreek word.

Wat die ondersoek na die Sitz im Leben betref was die woord זָבַח waarmee die perikoop begin 'n belangrike aanduiding van die moontlike Sitz van die perikoop vir navorsers gewees. Die oproep tot stilte is gesien as 'n liturgiese tempel formule of kultiese roep wat gebruik is tydens offer-rituele. Hierdie oproep word ook gevind in Hab 2:20, Amos 6:10 en Sag 2:13. Terwyl die inwoners van Juda en Jerusalem dus by die tempel vergader is vir 'n groot offer-fees spreek Sefanja die profesie van hom uit. Die oproep tot stilte word gedoen omdat gepas is om stil te wees in die ontsagwekkende teenwoordigheid van God (Vlaardingerbroek 1993: 94). Die gebruik van die dubbele Godsnaam versterk die indruk (Williams 1961: 111-112; Elliger 1975: 62; Rudolph 1975: 266; Van der Woude 1978: 94; Ben Zvi 1991: 79-80).

Histories gesproke is die teks waarskynlik tuis in die tyd voor die hervormings van koning Josia in die jaar 622 vC. Die feit dat die koning nie genoem word in vers 8 nie laat geleerdes gewoonlik tot die gevolgtrekking kom dat koning Josia nog 'n minderjarige koning was. Heelwat geleerdes plaas die tyd van optrede van Sefanja in die tyd rondom 630 vC. Indien die historiese aanduiding so aanvaar word, word die teks geplaas gedurende die laaste jare van die Assiriese Ryk. In 'n toenemende mate kry die Assiriese Ryk te doen met opstande in Babilonië en Egipte. Die verswakke Assiriese Ryk beteken dat Juda onder die regering van koning Josia (640-609vC) prakties weer 'n onafhanklike land word. Josia het koning geword van Juda na die moord op sy pa koning Amon toe Josia maar net agt jaar oud was. Van die jare voordat hy begin selfstandig optree het, is daar min bekend. Volgens II Kron 34:3 het koning Josia op sestienjarige ouderdom (dit wil sê omtrent 630vC) begin om Jahwe te dien.

3.2 Die ondersoek na die tradisie materiaal in die teks

Geleerdes is huiwerig om spore van enige van die bekende en geykte heilstradisies van Israel in die teks te vind. Die skeppings-, aartvaders-, uittoeg-, woestyn- en Dawids of-Sionstradisie ontbreek in die perikoop. Die interessante is dat Jahwe juis in die perikoop beskuldig word dat Hy onaktief is deur nie goed of kwaad te doen nie (vgl vers 12). Word daar met die stilswye van die heilstradisies in die teks gesuggereer dat die heilsdade van Jahwe in die geskiedenis van die volk vergeet is soos wat Edler (1984: 145) te kenne gee?

Dit is egter moontlik om 'n subtiel en indirekte verwysing te sien na die Sinai-tradisie waar die verbond gesluit is. Die sinspeling op 'n moontlike teofanie kan verwys na die teofanie van Eksodus 19. Die veroordeling van die

bygeloof kan 'n verwysing wees na die verbod op die erkenning en verering van ander gode wat in die Dekaloog verbied is. Die eet van die offer-maaltyd kan ook 'n verwysing wees na die verbondsmaaltyd van Moses in Eks 24. Dit is dus moontlik dat die teks op verskillende maniere subtiel verwysings bevat na die verbond wat daar is tussen die Here en sy volk.

Die vraag is of die verwysing na die huise wat gebou word maar sonder dat hulle daarin sal woon en die wingerde wat geplant sal word maar sonder dat hulle die wyn daarvan sal drink, nie verwys na die gawe van die land nie. 'n Teks soos Deut 8 (vers 10 *ev*) bring die bou van huise om in te woon en die vrugbaarheid van die land spesifiek in verband met die gawe van die land. Die verwysing na die gawe van die land word verder versterk deur die begrip Kanaän wat in vers 11 voorkom. Israel staan dus gevaar om die land te verloor.

Die belangrikste motief in die perikoop - en ook in die boek Sefanja as geheel - is die verwysing na die Dag van die Here. Die begrip Dag van die Here is 'n begrip wat buite Sefanja (1:7, 14) net in die profetiese literatuur van die Ou Testament voorkom (Jes 13:6,9; Eseg 13:5; Joël 1:15; 2:1,11; 2:31; 3:14; Ob 15; Mal 4:5) met Amos 5:18 as waarskynlik die eerste verwysing na die begrip. Die begrip was waarskynlik bekend in Israel gewees en het die positiewe verwagting ingehou dat Jahwe op die Dag van die Here gaan ingryp en die vyande van volk vernietig. Dit sal dus 'n dag heil vir die volk en onheil vir die nasies wees. Die profete gebruik egter die begrip om die onheilbetekenis van toepassing op die ander volke ook van toepassing te maak op die volk van die Here self. Die Dag van die Here beteken dus ook oordeel en onheil vir die volk! Die oordeelskarakter van die Dag van die Here oor die volk self is duidelik uit die inhoud van die perikoop.

Die beklemtoning van die Dag van die Here gee aan die perikoop 'n eskatologiese karakter. Vlaardingerbroek (1993: 93) merk op: "De Dag des HEEREN draagt bij Sef een eschatologisch karakter..." Die ingrype van Jahwe sal 'n keerpunt in die geskiedenis verteenwoordig wat 'n ou era be-eindig en die begin van 'n nuwe era aandui (Kirkpatrick 1993: 80-82).

3.3 Redaksionele ondersoek

Vanuit histories-kritiese hoek gesien is die temporele frases waarmee verse 8, 10 en 12 begin gesien as latere redaksionele toevoegings tot die boek om kohesie tussen die verse van die perikoop te bewerk. Indien dit so sou wees, het die redaktor(s) van die boek inderdaad daarin geslaag om die verse tot 'n

eenheid saam te bind. Daar is reeds gewys op die opname van woorde uit vers 7 wat later in die gedeelte weer voorkom. Verskillende geleerdes maak dan ook melding van die ketting-agtige opbou van die boek waarin 'n gedagte opgeneem en verder uitgebou word in 'n volgende periokop. Die analise van die opbou van die periokop bevestig dat die periokop tog 'n hegte struktuur vertoon.

4. DIE KONKLUDERENDE FASE VAN DIE EKSEGESE

4.1 Detail-eksegese

Daar is in die teks 'n hele reeks van onduidelikhede wat vlugtig deur die detail-eksegese opgeklaar moet word.

Die gedagte van die offer in Sef 1:7 is egter 'n *crux interpretum* in die ondersoek van die gedeelte. Die vraag is waarna verwys die offer in vers 7? Die begrip kan dui op 'n slagting of op 'n maaltyd. Die begrip slagting hou die element van oordeel in en die begrip offer hou die element van genade in in die sin van versoening, vreugde, gemeenskap met Jahwe ens. Verskillende outeurs (vgl die verskillende kommentare) het die saak beredeneer dat nie een of die ander betekenis verstaan moet word nie, maar dat beide die betekenis gesuggereer word. Hier is dus sprake van 'n meerduidigheid of dubbelsinnigheid in die teks wat doelbewus so beplan is. Die wat na die maaltyd uitgenooi is, is tegelykertyd die wat veroordeel (geslag) gaan word. 'n Viering van die teenwoordigheid van die Here in die kultus word 'n ervaring van die oordeel van die Here.

Hierdie interpretasie klop ook met die omkering van die verwagting van die Dag van die Here. Teen die verwagting in beteken die Dag van die Here onheil vir die volk. Teen die verwagting in word die uitnodiging tot 'n offermaaltyd 'n slagting van oordeel.

Die begrip $\text{דָּגַלְתִּי בְּיָמַי}$ וְעַתָּה אֶפְרָח wat die 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel met prinse vertaal is ook een van die interpretasie probleme van die teks. Met die begrip word daar nie letterlik die seuns van die koning bedoel nie, maar eerder die lede van die koningshuis (Rudolph 1975: 267; Van der Woude 1978: 96; Ben Zvi 1991: 92; Vlaardingerbroek 1993:98).

Die verwysing na die die wat uitdandse klere dra word gewoonlik verduidelik as mense wat deel het aan heidense praktyke. Dit gaan ook oor die uiterlike kleredrag wat 'n weerspieëling is van 'n innerlike afvalligheid van die Here.

In vers 9 is daar 'n verwysing na die bygeloof van om nie op 'n drumpel te trap nie. Dit word verduidelik as 'n Assiries-Filistynse gebruik om nie op 'n drumpel te trap nie aangesien dit die setel van demone/gode is. Wie op so 'n drumpel trap, trap op die kop van 'n god. Hierdie praktyk kom dus neer op die erkenning of verering van ander gode wat verbied is in die Dekaloog. Daar word gewoonlik ook na I Sam 5:4-5 verwys in hierdie verband.

Die uitdrukking "huis van hulle Koning" ארני הַמֶּלֶךְ verwys waarskynlik na die koning se paleis en nie na die tempel van die Here nie. Die weergawe van die Afrikaanse vertaling om "koning" met 'n hoofletter weer te gee is dus vreemd. Ben Zvi (1991: 101) verwys na ander plekke in die Ou Testament waar die uitdrukking voorkom en in al die gevalle verwys dit nie na 'n god of God nie. Dieselfde mense wat met sorg heidense godsdienstige gebruike nakom, is terselfdertyd besig om ander mense met geweld en bedrog te na te kom.

Die topografiese verwysings in vers 9 lê almal in die noorde van die stad Jerusalem waarvandaan 'n aanval die mees waarskynlike was (Edler 1984: 135; Robertson 1990: 278). Die deel staan vir die geheel (pars pro toto) sodat met die dele van die stad eintlik die hele stad bedoel word.

Die uitdrukking לְשִׁמְרֵיהֶם הַקָּפָא verg ook nadere verduideliking omdat dit 'n beeld is wat nie sonder meer duidelik is nie. Die uitdrukking word opgeneem as 'n uitdrukking waarmee sorgelose onverskilligheid (Van der Woude 1978: 100) en onaktiwiteit (Ben Zvi: 1991: 111) mee bedoel word na aanleiding van die voorkoms van die beeld in Jer 48:11-12. Edler (1984: 145) verduidelik die beeld as mense vir wie godsdienst 'n speletjie geword het, 'n goeie gewoonte, maar sonder dat dit enigsins meer funksioneer as 'n fundamentele lewensoriëntering.

Vers 12 se verwysing na Jahwe wat na die oortuiging van sommige nie goed of kwaad doen nie, moet as 'n merisme verstaan word wat totaliteit uitdruk. Daarmee word dus eintlik gesê dat Jahwe onaktief is en dat Hy dus niks doen nie. Teenoor Jahwe se skynbare onaktiwiteit staan vers 13 met die bedreiging van hulle eiendom en besittings.

4.2 Die teologiese intensie van die perikoop

Uit die inligting wat behulp van die eksegetiese ondersoek verkry is, kan daar gepoog word om die teologiese intensie van die perikoop te peil.

In die perikoop word die volk deur 'n profeet van die Here in 'n oordeelsuitspraak aangespreek oor 'n godsdienstige ongeërgdheid. Hierdie godsdienstige ongeërgdheid wys in mense se verhouding met God en met hulle naaste. Terwyl die volk hulle godsdienstige verpligtings nakom (hulle is immers by die tempel vergader vir 'n liturgiese byeenkoms) is hulle tegelykertyd besig met bygeloof, vereer en erken hulle ander gode as die een God wat hulle ken en is hulle besig met praktyke wat getuig van 'n innerlike afvalligheid van die Here.

Dit is nie net die vertikale verhouding met die Here wat aangespreek word nie, ook horisontale verhoudings tussen mense kom onder die loep. Mense vul die paleis van die koning met goedere wat met bedrog en geweld van ander mense verkry is. Mense kan dus nie Jahwe aanbid en tegelykertyd mense bedrieg en met geweld teen hulle optree nie. Die godsdienstige ongeërgdheid word die duidelikste gesien in vers 12. God word gereduseer tot 'n onaktiewe God. Teoretiese gelowiges is tegelykertyd ook praktiese ateïste.

So 'n ongeërgde godsdienstigheid word veroordeel. Dit word treffend geïllustreer in vers 7. Mense wat meen om te deel in die aanbidding van Jahwe, deel in sy oordeel! 'n Erediens word 'n plek van oordeel. Mense wat offers bring, word self die offer. Dit wat hulle bymekaar gemaak het met bedrog en geweld, word van hulle weggehaal, verloor hulle, sê vers 13. Uiteindelik word Jerusalem self ook bedreig. Dit is dus nie net hulle eie finansiële posisie wat onder die oordeel van die Here kom nie, maar ook die politieke onafhanklikheid van Jerusalem.

Hierdie oordeelsuitspraak moet verstaan word vanuit die verbond wat die Here met Juda gesluit het. Omdat hulle in 'n verbondsverhouding met die Here leef, moet hulle lewe dit ook wys. Die seën van die verbond het ook 'n teendeel, naamlik die oordeel van die verbond (Deut 28). Die oordeel is ook nie onomkeerbaar nie, dit is 'n oordeel wat nog aan die kom is en daarom ook afgeweer kan word deur 'n opregte bekering (2:1-3).

5. SLOT

Hierdie artikel word geskryf as 'n huldiging aan die persoon en werk van 'n gewaardeerde kollega, prof D N Pienaar. Hy het hom in sy loopbaan gevestig as 'n kenner van die geskiedenis, argeologie en aardrykskunde van Palestina. In die artikel is gepoog om aan toon hoedat kennis van die geskiedenis van Israel en die aardrykskunde van Palestina en spesifiek dié van Jerusalem deel

vorm van 'n eksegetiese proses en 'n onontbeerlike bydra lewer tot die beter verstaan van die teks.

Bibliografie

BEN ZVI, E

1991. *A Historical-Critical Study of the Book of Zephaniah*. Berlin: de Gruyter (BZAW 198).

EDLER, R

1984. *Das Kerigma des Propheten Zefanja*. Friburg: Herder. (Frieburger Theologische Studien).

ELLIGER, K

1975. *Das Buch der zwölf kleinen Propheten II*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (ATD 25).

HOUSE, P R

1988. *Zephaniah - A Prophetic Drama*. Sheffield: Almond. (JSOT SS 69).

KIRKPATRICK, J D

1993. *Eschatologie in die boek Zefanja*. DD-proefskrif, Pretoria: Universiteit van Pretoria.

ROBERTS, J J M

1991. *Nahum, Habakkuk and Zephaniah - A Commentary*. Louisville: John Knox (OTL).

ROBERTSON, O P

1990. *The Books of Nahum, Habakkuk and Zephaniah*. Michigan: Eerdmans. (NICOT).

RUDOLPH, W

1975. *Micha - Nahum - Habakuk - Zephanja*. Gerd Mohn: Gütersloher. (KAT XIII/3).

SEYBOLD, K

1985. *Satirische Prophetie - Studien zum Buch Zefanja*. Stuttgart: Verlag Katholisches Bibelwerk. (Stuttgarter Bibelstudien).

VAN DER WOUDE, A S

1978. *Habakuk, Zefanja Nijckerk*. Callenbach. (POT).

VLAARDINGERBROEK, J

1993. *Zefanja*. Kok: Kampen. (COT).

WILLIAMS, D L

1961. *Zephaniah - A Re-interpretation*. Ph. D Duke University: VSA.